The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

Ornico
KNOW HOW. TO GROW



DIE BURGER - SAKE 24 2017/01/18 Page: 12

AVE: 5758.94 (ZAR)

# Kerstyd help treurige Mr Price (effens) in droewige kwartaal

Die Mr Price-groep het treurige verkoopsyfers vir die derde kwartaal aangemeld, ten spyte van verkope wat in Desember oor die Kerstyd verbeter het.

Sy aandeelprys het teen sluitingstyd R7,85 of 4,8% tot R156 geval.

In sy geheel het sy verkope in die drie maande met 0,5% tot R6,1 miljard gedaal.

Dit is vergeleke met 'n styging in sy verkope in die ooreenstemmende tydperk van 2015 toe dit 6,5% was.

Sy inflasie was hemelhoog teen 10,8% vergeleke met 'n jaar vantevore toe dit 6,6% was.

As die impak van nuwe winkels wat geopen is in die afgelope jaar uitgesluit word, het verkope met amper 3% gedaal.

Dit dui op hoeveel produkte verbruikers minder in sy winkels gekoop het in die eerste kwartaal van die tweede helfte van sy boekjaar.

Sy MRP-klerewinkels, wat net minder as twee-derdes van sy verkope verteenwoordig, het met 1,1% gedaal terwyl hy – uitgesluit nuwe winkels – 'n daling van 3,6% gehad het.

Mr Price Home, wat amper 'n derde van sy verkope verteenwoordig, het met 1,2% gestyg, maar uitgesluit nuwe winkels daal sy verkope ook met 1%.

Stuart Bird, uitvoerende hoof, en die bestuur sê in die handelsoorsig verkope het tot einde Desember oor die Kerstyd elke maand verbeter. In Desember het sy klereverkope met 4,3% gestyg.

Hy sê die moeilike handelsomgewing waarna in die vorige verslagtye verwys is, het voortgeduur. Hy waarsku vorentoe gaan enige verbetering in die ekonomiese groei stelselmatig wees.

"Ten spyte daarvan is die groep hoopvol 'n meer besadigde ekonomiese omgewing sal beplanning bevorder en tot laer produkinsetkoste lei." **– Nellie Brand-Jonker**